

RSG Red 'n Plaas projek

1. NAAM

RSG Red 'n Plaas projek.

2. DOEL

2.1 Die RSG Red 'n Plaas projek se primêre fokus is om humanitêre hulp te verleen aan rampgeteisterde landelike gemeenskappe in die sinode van Noord-Kaapland en die Noordkaap provinsie.

2.2 Humanitêre hulp sluit onder andere in:

2.2.1 voorsiening vir huishoudelike onderhoud

2.2.2 brandstof

2.2.3 skool- koshuis en universiteitsgelde en

2.2.4 pastorale versorging van lidmate.

2.3 Die projek kan ook op diskresie en besluit van die taakspan gemeenskapsversorging hulp verleen wat nie noodwendig humanitêr van aard is nie, maar voortspruit uit die unieke rol wat die kerk kan speel.

2.4 'n Ramp word as volg gedefinieer:

- Enige natuurverwante ramp of situasie wat deur menslike toedoen geskep is en wat trauma in 'n gemeenskap tot gevolg het, word as 'n ramp beskou.

- 'n Ramp word verder gekwalifiseer deur die feit dat daar onmiddellike behoeftes ontstaan wat op die kort- of langer termyn nie sonder fisiese hulp en/of pastorale ondersteuning aangespreek kan word nie.

- Waar behoeftes vir hulp ontstaan en dit is van so 'n omvang dat dit nie deur die plaaslike gemeente of ring en gemeenskapsinstansies aangespreek kan word nie

Natuurrampe

Aardsbewings

Vloede

Modderstortings

Droogte

Weghol-veldbrande

Peste en plae (springkane)

Tornado's (stormwinde)

Pandemies (Covid '19)

Rampe deur menslike toedoen

Tereurdade

Onluste

Ekologiese versteurings

2.5 Die doel van hulpverlening is om langtermyn voedselsekerheid, asook 'n volhoubare landelike ekonomie te help verseker.

3. BELEID

3.1 Caritas gemeenskapsfokus NPO in samewerking met die Ned. Geref Kerk in Noord-Kaapland **administreer** die fondse wat ontvang is vir die RSG Red 'n Plaas projek.

3.2 Fondse word deur die taakspan gemeenskapsversorging **goedgekeur met motivering**.

3.3 **Aansoek** vir die fonds sal op 'n gereelde basis deur die taakspan gemeenskapsversorging hanteer word.

3.4 Gemeentes, ringe en instansies kan aansoek doen vir fondse.

3.5 Die fondse word slegs toegeken waar gemeentes en instansies **onderneem om in te skakel by 'n program** waarin:

- behoorlike **assessering** gedoen word van die nood in die gemeente en gemeenskap.

- **verslag** gedoen word van die aanwending van fondse

- 3.6 Fondse word toegeken in samewerking met Agri NK.
- 3.7 Agri NK se “prioriteitsbepaling” sal as riglyn gebruik word by die toekenning van fondse

4. BRONNE VAN DIE FONDS

- 4.1. Vrywillige bydraes vanaf individue, besighede, organisasies, gemeentes en ringe binne en buite die sinodale gebied.

5. PROSEDURE VIR TOEKENNING VAN FONDSE UIT DIE RAMPDROOGTE HULPFONDS

- 5.1 Die taakspan gemeenskapsversorging berei goedgekeurde aansoeke voor vir uitbetaling deur Caritas gemeenskapsfokus NPO.

Bankrekening

Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het ’n rekening beskikbaar gestel waarin donateurs fondse kan inbetaal waarmee gemeenskappe in die droogte-geteisterde gebiede ondersteun word:

RSG Red ’n Plaas Camino

Bank: FNB

Rekeningnommer: 62614450435

Swift code: FIRNZAJJ

Takkode: 230101

Verwysing: “Plaas” en “naam van donateur”

Verspreiding van fondse

Geen uitbetalings word direk aan individue gedoen nie.